



Die Maand Wat Was

Mei 2014 Sakegesprek Beleggings Nuusbrief

Mei 2014 besoek aan Berkshire Hathaway se “Woodstock vir Kapitaliste”

Ek en twee van my kollegas by Galileo Capital, Warren Ingram (hoof van Galileo se welvaart-bestuursbesigheid) en Hayden Simpson (hoof van Galileo Risk, ons korttermyn-versekeringsbesigheid) was in die bevoorregte posisie om die jaarlikse Berkshire Hathaway jaarvergadering in Omaha in die VSA by te woon. Berkshire Hathaway bestaan uit meer as 80 maatskappye. Dit sluit onder andere lekkergoed fabriek, vliegtuig-, kragentrale-, spoorlynmaatskappye en banke in. Hierdie besighede word die afgelope 49 jaar deur Warren Buffett en sy vennoot, Charlie Munger bestuur. Tydens hierdie geleentheid beantwoord die 83 jarige Warren Buffett en die 90 jarige Charlie Munger vir meer as 5 ure vroeë deur joernaliste, aandeelhouers, analiste of enige persoon uit die gehoor.

Kokkie Kooyman, hoof van SIM Global in samewerking met die baie bekwame Nora Geldenhuys, SIM se Kliënte en Kommunikasiehoof het gesorg dat ons tussen die uitgelese aandeelhouers en ongeveer 38,000 ander aanhangers, toegang tot die jaarvergadering verkry het.

Ons het die dag voor die vergadering besluit om 'n draai te maak by een van die Berkshire filiale, Nebraska Furniture Mark. Hierdie uitgebreide meubel-, elektronika- en toebehorewinkel is groter as enige iets wat ek al beleef het. Die winkelkompleks bestaan uit 'n area groter as 5 rugbyvelde! Ons het op pad terug van die Nebraska Furniture Mark by Warren Buffett se huis verby gery - 'n gewone huis in 'n gewone woonbuurt sonder enige wagte of mure. Terloops, jy sal tot by die kombuisvenster of voordeur kan stap indien jy sou wou. Daar moet iets te sê wees indien dit moontlik is vir een van die wêreld se rykste en mees gesiene mense om in 'n huis te bly sonder enige skanse. Buffett bly reeds sy hele volwasse lewe (meer as 5 dekades) in dieselfde huis!

Alec Hogg van Biznews.com en Kokkie Kooyman het ons voorberei op die gebeure van die oggend van die jaarvergadering op Saterdag 3 Mei. Kokkie beskryf die derduisende mense wat meestal uit uiters welvarende Amerikaanse Berkshire Hathaway aandeelhouers bestaan en die lokaal binnestroom terwyl hulle mik vir goeie sitplekke, as die “Billionaires Dash”. Dit werk soos volg: Die hekke na die lokaal maak 07h00 oop en die formele verrigtinge begin met 'n video oor die maatskappy om 08h30; die tou om goeie sitplekke te kry begin van so 04h00 in die oggend en beslaan later etlike blokke; ons was reeds voor sonop, so vanaf 05h30 in die tou om darem nie te slegte sitplekke in die basketbal stadion te kry nie. Gelukkig het dit toe so gebeur - 'n mens kan maar sê dat ons nie te sleg uit die “Billionaires Dash” gekom het nie!

Reg langs die stadion is daar 'n expo sentrum, waar van die maatskappye in die Berkshire Hathaway groep hulle goedere en dienste uitstal en ook van hul produkte te koop aanbied. Alvorens die verrigtinge begin, het daar eers 'n vriendelike kompetisie tussen Warren Buffett en Bill Gates plaasgevind, waartydens hierdie twee koerante gooi na die voorstoep van 'n huis wat deur een van Berkshire-groep maatskappye in die expo saal gebou is. Beide Buffett en Gates se eerste werk was as koerantafleweringsknapië. Die uitdaging was om te bepaal wie se koerant die naaste aan die matjie op die voorstoep van die huis beland.

Maar dan, presies om 08h30 begin die verrigtinge, eers met 'n legio dansende meisies (pom pom girls), ligte en musiek en dan 'n 30 minute video van Berkshire Hathaway, in baie gevalle tong in die kies. Wat hier uitgestaan het, was dat die Suid-Afrikaanse Coca Cola TV advertensie (met die hond Bobby wat 'n Coke bottel met sy naam in Hillbrow soek) onder luide toejuiging, vertoon is. (Berkshire is die grootste enkele aandeelhouer in Coca Cola en besit ongeveer 10% van die maatskappy). Dit bevestig net weer dat Suid-Afrikaners advertensies kan maak. (Toevallig gaan hierdie eg Suid-Afrikaanse advertensie binne die volgende paar maande in meer as 40 lande deur Coca Cola uitgesaai word!)

Die vroeë- en antwoordsessie wissel van uiters tegniese vroeë (kontantvloei marges in 'n filiaal) tot persoonlike advies (hoe vind ek my passie in die lewe). Die twee omies antwoord elke en enige vraag in twee sessies - 'n oggendsessie van sowat 3 ure en 'n middagsessie van sowat 2 ure. So halfpad deur die middagsessie het Buffett die vroeë getel en gemeen dat daar toe al meer as 80 vroeë geantwoord is - dog neem hulle daarna steeds vroeë en antwoord elke vraag asof dit die eerste vraag van die dag is.

Om hierdie opsomming sinvol te doen, het ek besluit om die vrae en antwoorde in onderwerpe te verdeel in 'n poging om, soos ek dit sien, die hoogtepunte uit te lig:

1. **Vertrou in senior bestuurders.** Buffett meen dat hulle nog altyd te veel vertrou in mense gehad het, en dat dit vir hulle werk. Hoewel daar meer as 300,000 mense binne die groep werk, en hy weet dat soos wat hy daar sit, daar iewers iemand is wat iets verkeerd doen, daar baie voordele daarin is om mense te vertrou. Eendag gaan iemand iets verkeerd doen, dan gaan mense tereg daarop wys dat dit as gevolg van te min oorsig was. Hy meen egter dat die voordele wat daarin is om jou mense te vertrou baie groter is as die koste van die foute wat jy moontlik deurlaat. Hy voeg daarby dat die huidige fokus op nakoming, reëls en regulasies die wêreld baie meer gaan kos as wat die voordele daarvan ooit kan wees.

Buffett verwys na die voorbeeld van 'n besigheid (met 'n omset van sowat R40 miljard) wat hulle 10 jaar gelede gekoop het. Hy het in die afgelope 10 jaar nog nooit die besigheid besoek nie en hy meen hy het seker so 4 keer met die uitvoerende hoof in die afgelope 10 jaar gesels! Hy glo daarin dat as jy die regte mense het, moet jy hulle alleen laat en absoluut vertrou om hulle besighede te bedryf. Hy voeg ook by dat dit nog nooit hulle strategie was om elke laaste sent uit personeelkoste te probeer kry nie. Hul meng eenvoudig nie in met die besighede wat hulle besit nie.

2. **Beleggings gaan oor die langtermyn waardetoevoeging.** Dit is opvallend hoe gemaklik hulle verantwoordelikheid neem vir foute. Intendeel, Berkshire Hathaway kom uit 'n beleggingsfout (dit was oorspronklik 'n tekstielbesigheid wat Buffett later moes likwedeer) en hulle moes ook in die laaste 12 maande een van hul filiale likwedeer. Hulle meen egter dat foute geleenthede is om te leer en ook geleenthede skep om groter belange in besighede te bekom juis wanneer daardie besighede deur diep waters gaan! Charlie Munger stel dit baie mooi - "We are good at ignorance removal, and we have lots of ignorance to remove" - dit is verfrissend om te sien dat 'n baie suksesvolle 83-jarige en sy 90-jarige vennoot steeds meen daar is baie om te leer!

3. **Kontant.** Buffett meen kontant is 'n goeie ding as jy weet hoe om dit aan te wend, maar 'n uiters dom ding om te hou as jy nie weet hoe om dit aan te wend nie. Vir hom is die hou van kontant (waarvan hulle sowat \$40 miljard tans hou) daar om geleenthede te gebruik as dit verby kom. As 'n voorbeeld noem hy dat hulle miljarde dollars in die mark belê het net na die dalings in 2008. Hoewel hulle beter sou gedoen het indien hulle gewag het (hulle het in Oktober 2008 belê, terwyl die mark eers 5 maande daarna 'n onderste draaipunt bereik het). Omdat hulle egter kontant gehad het en bereid was om dit op lae vlakke aan te wend, het dit uiteindelik tot hul voordeel gewerk.

"Kontant is koning as jy dit gebruik vir beleggings, maar as jy dit net hou, is dit 'n uiters dom ding om te doen".

4. **Verrassend hoe goed dinge in die VSA gaan.** Hoewel Buffett eerlik is dat ons nog nie weet hoe alles gaan eindig nie (wat die normalisering van Amerikaanse monêtere beleid en rentekoerse betref) meen hy dat dit baie goed gaan met die Amerikaanse ekonomie. Hy het veral baie lof vir die vorige voorsitter van die Federale Reserweraad, prof. Ben Bernanke, en die manier waarop hy die krisis hanteer het.

5. **Verandering in beleggingsbesluite.** Buffett meen dat dit gewoonlik die stadige langtermyn veranderinge is wat beleggings swaarder tref as skerp korttermyn bewegings. Dit is gewoonlik moeiliker om hierby aan te pas en dit korrek te antisipeer, hoewel hy voel hulle goed vir verandering geposisioneer is. 'n Voorbeeld hiervan is klimaatsverandering - hulle sal nooit 'n beleggingsbesluit neem op grond van enige klimaatsverandering vooruitskatting nie. Niemand weet eenvoudig wie die wenner en verloorders gaan wees nie en ook nie hoe om jouself daarvoor te posisioneer nie. Daar is baie eenvoudiger geleenthede waar dit makliker is om die kontantvloed in die belegging te verstaan as om op vooruitskattings te probeer steun.

6. **Besigheidskole is in baie gevalle verkeerd.** Ek was verbaas tot watter mate hy die beginsels wat in besigheidskole geleer word, kritiseer. Hy het 'n hele paar keer die besigheidskole gekritiseer, veral as dit kom by waardasies, opbrengs op kapitaal en aanwending van kapitaal. Hy meld egter dat na 40 jaar van "nonsense" hy nou meen dat van die skole stadig besig is om van die verkeerde dogmas weg te beweeg en studente sinvolle dinge te begin leer.

7. **Nie-uitvoerende direkteure.** Buffett is baie krities oor nie-uitvoerende direkteure, veral as dit kom by vergoedingskomitees waar die direkteure fooie verdien. Hy meen dat hierdie tipe komitee maklik die skoothondjie van senior bestuur word - beide kyk na mekaar en hul eie inkomste kom eerste. Hulle kyk nie noodwendig na wat in die beste belang van aandeelhouers is nie.

8. **"As korttermyn onderprestasie 'n mislukking is, dan misluk ons graag".** Berkshire Hathaway het die afgelope 5 jaar swakker as die S&P 500 (die breë Amerikaanse mark) presteer. Toevallig is die S&P 500 dan ook die maatstaf waarteen Buffett sy prestasie meet. Charlie Munger, Buffett se vennoot, het die vraag oor die 5 jaar onderprestasie uit die hoek van "as ons oor die korttermyn onderpresteer, dan onderpresteer ek graag weer" benader. Die

vertekpunt hier is dat Buffett vantevore genoem het dat wanneer markte sterk presteer, gaan hulle swakker as die mark doen, maar as jy die hele siklus (op, af en weer op) neem, behoort hulle die mark te klop. Hulle fokus geensins op korttermyn prestasie nie (hulle sien 5 jaar as korttermyn), maar fokus daarop om waarde oor langer periodes tot die besigheid toe te voeg.

9. **97% van aandeelhouders stem teen 'n dividend.** In die amper 50 jaar wat Warren Buffett Berkshire Hathaway bestuur, het hy nog nooit 'n dividend betaal aan aandeelhouders nie. Buffett is uitgesproke teen die betaling van 'n dividend (hy voeg meer waarde toe tot Berkshire as hy die kontant self aanwend en indien die belegger inkomste benodig, staan dit die belegger vry om van sy / haar aandele te verkoop). Hy het egter besluit om die verklaring van 'n dividend aan aandeelhouders oor te laat en dat aandeelhouders daarvoor moet stem. Nagenoeg 97% van aandeelhouders (uitgesluit homself) het saamgestem dat Berkshire Hathaway nie 'n dividend moet betaal nie en dat die maatskappy alle surplus kapitaal moet hou.
10. **Indeks-belegging.** Die vraag oor beleggingsadvies het weer opgeduik en spesifiek wat sy aanbeveling aan beleggers is. Buffett het herhaal wat hy gereeld verkondig - indien jy gemoedsrus wil hê dat jy jou finansiële doelwitte gaan bereik, belê jy in 'n lae koste indeksfonds.

“As 100% gemoedsrus jou doel is, belê 90% van die geld in lae koste indeksfondse en die ander 10% in kontant”

Buffett se persoonlike aandele in Berkshire Hathaway moet, in terme van sy testament, in die 12 jaar na sy afsterwe alles verkoop word en die kontant vir liefdadigheid aangewend word - hierdie skenking gaan meer as \$40 miljard beloop wat deur die Bill en Melinda Gates stigting behartig gaan word.

Jaarlikse Opname van Suid Afrika se Top Privaatbanke en Welvaartbestuurders

Ek is besonder trots op die prestasie van Galileo Capital in die jaarlikse toekennings vir Welvaartbestuurders in die Business Day koerant se Investor's Monthly. Hierdie opname is gedoen onder 12 Suid-Afrikaanse toonaangewende private banke en welvaartbestuurders. Nie net is Galileo Capital aangewys as die Welvaartbestuurder met die gelukkigste kliënte nie (wenner van die algehele “People's Choice” toekenning), maar het ook uitsonderlik presteer in twee van die sub-kategorieë:

- Beste oplossing vir 'n persoon wat 'n **eenmalige som geld** wil belê - gesamentlike eerste plek (gedeel met Sanlam, gevolg deur PSG en Citadel).
- Die beste oplossing vir 'n jong **opkomende professionele persoon** - tweede plek algeheel.

Die “Sakegesprek met Theo Vorster” kykNET program

Die volgende reeks van **Sakegesprek met Theo Vorster** word vanaf Julie tot September hierdie jaar uitgesaai. Ek is baie trots daarop dat Allan Gray hierdie reeks gaan borg en sien uit om met Jeanette Marais (direkteur en hoof van verspreiding by Allan Gray) te werk. Stuur gerus jou voorstelle wat gaste en onderwerpe betref aan my.

Indien lesers enige voorstelle het wat onderwerpe of gaste betref, stuur gerus 'n e-pos aan: Theo@sakegesprek.co.za of volg Theo op Twitter [@sakegesprek](https://twitter.com/sakegesprek).

Lesers is welkom om hierdie Sakegesprek nuusbrief aan te stuur. Om by die maandelikse nuusbrief databasis gevoeg te word, besoek gerus die Sakegesprek webbladsy en registreer op die nuusbrief skakel of stuur 'n e-pos aan: nuusbrief@sakegesprek.co.za.

Mooi loop!

Theo Vorster

Theo@sakegesprek.co.za

**Volg ons op
TWITTER**



Volg ons op twitter [@sakegesprek](https://twitter.com/sakegesprek) vir program
opdaterings en interessante beleggings- en sakenuus

Die volgende **Sakegesprek** reeks word beplan vanaf **April 2014** en strek weer oor 13 weke. Soos met die afgelope 52 episodes, gaan Theo poog om met vooraanstaande sakeleiers te gesels oor hul loopbane, suksesse en leierskap. Ons gaan in hierdie reeks die net bietjie wyer gooi en ook praat met mense wat in ander velde suksesvol is, maar tog ook waardevolle lesse het wat ons elkeen in ons eie loopbane en besighede kan toepas. Kontak my gerus as julle enige voorstelle het van persone met wie ek onderhoude kan voer?

Theo is 'n stigter en uitvoerende hoof van Galileo Capital, 'n finansiële dienste maatskappy wat spesialiseer in finansiële beplanning en welvaartbestuur (www.galileocapital.co.za). Warren Ingram, wat aan die hoof staan van Galileo Capital se welvaartbestuurs afdeling, was Suid Afrika se 2011 finansiële beplanner van die jaar. Vir enige voorstelle of vrae, kontak Theo gerus by: Theo@galileocapital.co.za.